125-jarige Jubileum Worcester

Die Heilige Dreifaltigkeit-gemeente Worcester het op Sondag, 25 Augustus 2002, sy 125-jarige jubileum gevier in die pragtige ou kerk, in samewerking met die Worcester-Mannekoor, en met die St. Martini Blaas-Ensemble onder leiding van Dr. Winfried Lüdemann. Huidige en voormalige lidmate en gaste het die feesdiens met nagmaal bygewoon wat deur Pastor Peter Molchin gelei is. Biskop Nils Rohwer het gepreek oor die leuse vir die jaar 2002: "Ja, God is my heil, ek sal vertrou, en nie vrees nie!" (Jes. 12,2) Hy het gewys op hoeveel seën God oor die jare laat neerdaal het op die gemeente en bygevoeg dat die gelowige die geskiedenis sien as God se geskiedenis met die mens, en dit geld ook die toekoms: "Hy sal wel weet wat Hy doen."

Groete en seënwense is oorgedra deur: Prof Ulrich Plüddemann namens die Sinode van die Kaapse Kerk; Mnr Willie Schultz, voorsitter, namens die bestuur van die Streekkonferensie Wes asook namens die gemeente Philippi; Mnr Reinhart Spitzner namens die sustergemeente St. Petri Paarl. Boodskappe is voorgelees van Pastor Silke Moolman van Stellenbosch/Somerset-Wes en van oud-pastor H. Kleinhempel uit Bächingen, Duitsland.

Die orrelis Jan-Albert Koekemoer het die orrel gedemonstreer en gewys op sy kultuurhistoriese waarde. Dit het 'n meganiese kegellaai-sisteem en is in 1877 deur die firma E.F. Walcker in Ludwigsburg, Duitsland, gebou vir die St. Martini-gemeente in Kaapstad (intussen 6000 orrels wêreldwyd) en in 1939 na Worcester gebring. Dit is die oudste Walckerorrel in sy oorspronklike vorm in S.A. en die tweede oudste kerkorrel in die Weskaap.

Na afloop van die diens is verversings aangebied in die saal en was daar geleentheid vir gesellige verkeer.

Ulrich Plüddemann